Wanneer eenwording na enigste opsie lyk

Sáám na 'n nuwe toekoms
Perspektief op die eenwordingsverhale van vyf gemeentes
Deur: Dr Howard du Toit
Aantal bladsye: 132
Verkoopprys: **R99,95**

Talle eenwordings tussen gemeentes van die tradisionele kerke het die afgelope jare plaasgevind. Baie gemeentes sukkel finansieel en raak onseker oor hulle toekoms. Hierdie boek is geskryf vir die gemeentes wat by 'n kruispad in hulle bestaan gekom het. Die skrywer ontgin verskeie opsies vir gemeentes wat 'n eenwording oorweeg om saam vorentoe te beweeg.

Hoewel daar kerkregtelik dikwels onderskei word tussen eenwordings en samesmeltings (vgl bv die Kerkorde van die NG Kerk 2007:68-70), gebruik die skrywer in hierdie boek deurgaans die term "eenwording" as algemene term in soverre dit die Christelike kerk betref. Die begrip *eenheid* en *eenwording* is 'n Bybelse term wat telkens met verwysing na die kerk in die Nuwe Afrikaanse Vertaling voorkom, byvoorbeeld in Romeine 12, 1 Korintiërs 12, en in Efesiërs 2 en 4. In die praktyk word ook soms gepraat van "terugstigting", in teenstelling met die begrip "afstigting".

Talle eenwordings het die afgelope jare in die NG Kerk plaasgevind. Die eerste daarvan is dié van Mayfairgemeente in Johannerburg wat in 1977 met Langlaagte verenig het. Daarná het verskeie ander gemeentelike eenwordings in Johannesburg gevolg. Volgens 'n berekening vanuit verskeie uitgawes van die *Jaarboek van die NG Kerke* het 104 gemeentes die afgelope jare eenwordings voltooi.

In die bylae tot hierdie boek is daar 'n lys van die eenwordings waarby meer as 200 gemeentes betrokke was. Hoeveel sulke pogings of beplannings tot dusver aangepak is maar nie voltooi kon word nie, is moeilik om te bepaal.

Die aanleiding tot hierdie publikasie was juis gemeenteleiers wat nog ín die proses is se behoefte aan hulp om dié prosesse te hanteer. Leiers van Suid-Afrikaanse gemeentes – predikante *en* lidmate – is derhalwe die teikengroep van hierdie publikasie.

Baie gemeentes verswak deesdae en raak onseker oor hulle toekoms. In hierdie boek word 'n aantal moontlikhede gegee wat gemeentes in hulle beplanning vir die toekoms kan oorweeg. Daar is ook heelwat gemeentes wat reeds 'n eenwording oorweeg en kans sien om saam vorentoe te beweeg, vir wie hierdie boek van hulp kan wees.

As die 2009-lys van eengeworde gemeentes in die bylae bekyk word, blyk dit dat byna die helfte van dié gemeentes op die platteland en in kleiner of groter dorpe voorkom, veral in die sinodes van die Oranje-Vrystaat. Die Sinode van Oos-Transvaal (later bekend as die Oostelike Sinode) het oor hulle klein gemeentes besin en verskillende verslae met belangrike insigte saamgestel onder die titel "Volhoubare gemeentes".

Is die eenwording van gemeentes wenslik?

Die wenslikheid van die eenwording van gemeentes is 'n omstrede saak wat nie deur almal – ook nie in Suid-Afrika – as 'n aanvaarbare opsie beskou word nie. Die volgende oorwegings is hier ter sprake:

- Daar word aangevoer dat 1+1 nie noodwendig = 2 is nie.
- Ook is dit 'n moeilike proses vir gemeentes wat elkeen reeds hulle eie identiteit het om saam 'n nuwe identiteit te ontwikkel.
- Ook word die vraag gestel of die huidige oop gemeentegrense en die beginsel van vrye assosiasie nie die eenwording van gemeentes irrelevant maak nie. Die saak van geografiese grense raak al minder belangrik vir gemeentes.
- Dit gebeur soms dat twee gemeentes wat in 'n vasloop-situasie beland het en derhalwe kwyn, saamgevoeg word en dat die resultaat van dié proses dan is dat die agteruitgang en verswakking van die nuwe gemeente steeds voortgaan. Die probleem word net gehersoneer en deur eenwording word die dood van die gemeente as' t ware net uitgestel.

BM BYBEL-MEDIA
Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: **0860 26 33 42** of **0860 BMEDIA**
e-aankope: **www.bybelmedia.co.za**
JY BETAAL GEEN POSGELD NIE